

Coelho se werk leef voort in Afrikaans - 'n Resensie van *Veronika besluit om te sterf*

**Book Title:**

Veronika besluit om te sterf

Book Cover:**Author:**

Paulo Coelho

ISBN:

978-1-4853-1038-9

Publisher:Protea Boekhuis, 2020,
R225.00

*Book price at time of review

Review Title:Coelho se werk leef voort in Afrikaans - 'n Resensie van *Veronika besluit om te sterf***Reviewers:**Laurinda van Tonder¹ 
Herculene Kotzé¹ **Affiliations:**¹School of Languages, Faculty of Humanities, North-West University, Potchefstroom, South Africa**Corresponding author:**Herculene Kotzé,
Herculene.Kotze@nwu.ac.za**How to cite this book review:**Van Tonder, L. & Kotzé, H., 2022, 'Coelho se werk leef voort in Afrikaans - 'n Resensie van *Veronika besluit om te sterf*', *Literator* 43(1), a1830. <https://doi.org/10.4102/lit.v43i1.1830>**Read online:**

Scan this QR code with your smart phone or mobile device to read online.

Paulo Coelho se Portugese boek, *Veronika decide morrer*, is in 1998 gepubliseer en is sedertdien in meer as 50 tale vertaal (Paulo Coelho & Christina Oiticica Foundation, n.d.). Die Afrikaanse weergawe, *Veronika besluit om te sterf*, wat in Afrikaans deur Kobus Geldenhuys vertaal is, word in 2020 deur Protea Boekhuis uitgegee, en volgens die boek se metadata is dit uit Engels vertaal (ook die geval met Geldenhuys se vertaling van *The alchemist*). Dit is dus 'n indirekte vertaling wat die intermediêre teks, *Veronika decides to die* vertaal deur Margaret Jull Costa, as bronteks gebruik en nie die oorspronklike *Veronika decide morrer* nie.¹ Met bogenoemde as vertrekpunt, is die tekste ondersoek deur die Engelse en Afrikaanse vertalings met mekaar te vergelyk, bykomend tot 'n ontleding van die Afrikaanse weergawe onafhanklik van die bronteks(te).

Veronika decides to die is 'n besonders uitdagende boek om te vertaal weens die lang kronkelende sinne, deurdrenk met meervuldige idees, bysinne en sypore. Die Engelse skryfstyl gee die boek 'n introspektiewe toon wat Veronika se denkproses, afwykings en al, akkuraat weerspieël. Weens die verskil tussen die Engelse en Afrikaanse sintaksis, kan 'n vertaling van sulke lang, komplekse sinne vinnig in 'n onduidelike gemors met vreemde sinskonstruksies ontaard. Nietemin het die vertaler van *Veronika besluit om te sterf* die taak suksesvol aangepak deur die volgorde van sinne om te swaai, sinne op te breek en gedeeltes meer eksplisiet te stel. Die inhoud is maklik om te verstaan en daar is baie min gevalle waar dit moeilik is om die trant van sinne te volg. 'n Ongelukkige byproduk van die opbreek van die sinne ten gunste van bondige groeperings, is dat die toon van die boek effens verwring word en die stem van Veronika nie so treffend aanwesig is nie.

Afrikaans is 'n innoverende taal wat spog met interessante en aangrypende uitdrukkings wat ook ruimte laat vir kreatiewe skepping. In die geval van *Veronika besluit om te sterf* het die vertaler die unieke moontlikhede wat Afrikaans bied, benut en 'n doeltelke geskep wat in baie gevalle selfs meer uitdrukkingsvol as die bronteks is. Alhoewel dit aan die een kant as 'n afwyking van die bronteks beskou kan word, is dit een van die beste eienskappe van die vertaling. Vertaling as 'n konsep word uit verskeie invalshoeke deur akademië benader, en die debat oor wat as vertaling (spesifiek goeie vertaling) geld, bied geen eenparige of allesomvattende antwoord nie. Lefevere (1992) beskou vertaling as die herskep van 'n teks, wat binne die perke van die toepaslike taal en kultuur geskied. Binne dié benaderingswyse kan die vertaler se keuse om veranderinge aan die teks aan te bring, ten einde dit meer natuurlik en gemaklik in die Afrikaans te laat voortleef, beskou word as bloot 'n keuse eerder as 'n afwyking.

Uitgesoekte voorbeelde hiervan word in Tabel 1 tot Tabel 3 uiteengesit.

Die keuses wat die vertaler gemaak het, toon dat hy nie buitensporig aan die doeltelke gebind voel nie. In die meeste gevalle kan die uittreksels op 'n meer letterlike manier vertaal word en steeds sinvol bly. Dit blyk dat daar besluit is om die vertaling op 'n minder direkte wyse te benader en die nodige ruimte te laat om die teks te herskep, deur gebruik te maak van unieke en treffende Afrikaanse gesegdes, uitdrukkings en woorde.

Die onderstaande uittreksels illustreer die mate van beheer wat oor die taalgebruik uitgeoefen word. Verskillende woorde binne dieselfde reeks word in die Afrikaans gebruik in die plek van verbuigings van dieselfde woord soos dit in die Engels verskyn. Die Engelse *mad* (d.w.s. *madmen*, *madness*, *mad*) word deur middel van drie verskillende Afrikaanse ekwivalente vertaal (*waansinniges*, *kranksinnigheid*, *sielsiek*). Die Engels is treffend, omdat dieselfde woord herhaal word, terwyl die Afrikaans treffend is omdat dit die rykheid van die woordeskateuses in Afrikaans ten toon stel.

1. Desnieteenstaande kan daar nie met sekerheid gesê word tot watter mate die vertaler ook die Portugese teks geraadpleeg het nie.

TABEL 1: Treffende woordkeuse en uitdrukkings.

| Bronteks – <i>Veronika decides to die</i> | | Doelteks – <i>Veronika besluit om te sterf</i> | |
|---|--------|---|---------|
| '... hatred, love, despair, enthusiasm, curiosity ...' | bl. 81 | '... haat, liefde, wanhoop, entoesiasme, weetgierigheid ...' | bl. 105 |
| 'In order to exercise her memory , she began trying to remember small things ...' | bl. 34 | 'Om haar geheue te prikkel , begin sy probeer om klein dingetjies te onthou ...' | bl. 47 |
| 'She had only one fixed idea : death.' | bl. 29 | 'Sy het net een doelwit voor die oë : die dood.' | bl. 40 |
| '... noticing that she spoke with some difficulty, slurring her words slightly .' | bl. 23 | '... en kom agter dat sy effens moeilik praat en dat haar tong effens sleep .' | bl. 34 |
| ' Unable to control herself any longer ...' | bl. 75 | 'Sy kan haar nie meer in toom hou nie ...' | bl. 98 |
| 'You won't be troubling us for very long.' | bl. 40 | 'Jy gaan ons nie baie lank kan lastig val nie.' | bl. 55 |
| 'She had spent many afternoons walking gaily along the streets ...' | bl. 6 | 'Sy het gereeld smiddae met vreugde in haar hart in Ljubljana se strate gaan rondstap ...' | bl. 13 |
| '... and her life seemed on the point of collapse .' | bl. 50 | '... en dit het gelyk asof haar lewe in duie gaan start .' | bl. 68 |
| '... the sedative she had been given that morning had been strong enough to knock out a horse ...' | bl. 94 | '... die slaapmiddel wat hulle die oggend vir haar gegee het, was per slot van rekening sterk genoeg om 'n perd katswink te slaan ...' | bl. 120 |
| '... all because a complete stranger , in the middle of that very square, had given her a flower.' | bl. 6 | '... en dit net omdat 'n wildvreemdeling in die middel van die einste plein vir haar 'n blom gegee het.' | bl. 13 |
| 'No, that's crazy, I'm losing my grip .' | bl. 73 | 'Nee, dis malligheid, ek raak die kluts kwyt .' | bl. 96 |

Source: Coelho, P., 1999, *Veronika decides to die*, English translation by Margaret Jull Costa, Thorsons, London; Coelho, P., 2020, *Veronika besluit om te sterf*, Afrikaanse vertaling deur Kobus Geldenhuys, Protea Boekhuis, Pretoria.

TABEL 2: Omvang van woordkeuse.

| Bronteks – <i>Veronika decides to die</i> | | Doelteks – <i>Veronika besluit om te sterf</i> | |
|---|--------|--|--------|
| '... where genuine madmen – sent there by the courts or by other hospitals – mingled with those merely accused of madness or those pretending to be mad .' | bl. 12 | '... 'n plek waar ware waansinniges – soontoe gestuur deur die howe of deur ander hospitale – verkeer met diegene wat slegs van kranksinnigheid beskuldig is of ander wat voorgee om sielsiek te wees.' | bl. 21 |

Source: Coelho, P., 1999, *Veronika decides to die*, English translation by Margaret Jull Costa, Thorsons, London; Coelho, P., 2020, *Veronika besluit om te sterf*, Afrikaanse vertaling deur Kobus Geldenhuys, Protea Boekhuis, Pretoria.

TABEL 3: Alliterasie.

| Bronteks – <i>Veronika decides to die</i> | | Doelteks – <i>Veronika besluit om te sterf</i> | |
|--|--------|---|---------|
| '... water of madness ...' | bl. 31 | '... water van waansin ...' | bl. 43 |
| 'I'm not here to preserve my life, but to lose it ...' | bl. 33 | 'Ek is nie hier om my lewe te behou nie, maar om dit te beëindig ...' | bl. 46 |
| '... tangle of laws ...' | bl. 98 | '... warboel wette ...' | bl. 125 |

Source: Coelho, P., 1999, *Veronika decides to die*, English translation by Margaret Jull Costa, Thorsons, London; Coelho, P., 2020, *Veronika besluit om te sterf*, Afrikaanse vertaling deur Kobus Geldenhuys, Protea Boekhuis, Pretoria.

Wanneer die geleentheid hom voordoen, is daar vindingryke veranderinge aan die teks aangebring. Een so 'n voorbeeld sluit die bywerk van alliterasie in, waar dit nie in die bronteks voorkom nie.

Veronika besluit om te sterf voldoen in baie opsigte aan die maatstawwe van 'n goeie vertaling. Die vertaalproses was kreatief, maar tog getrou aan die boodskap van die oorspronklike teks. Daar is egter enkele probleme te bespeur:

'n Vergelykende analise toon aan dat die vertaalbenadering nie deurgaans dieselfde is nie. Alhoewel daar nie verwag kan word dat 'n vertaler altyd dieselfde *vertaalbesluite* sal maak nie, kan daar wel verwag word dat die algehele benadering tot die besluite op 'n *konsekwente wyse* geskied. Dit wil voorkom asof spesifieke vertaalbesluite en -benaderings op bepaalde plekke voorkeur geniet het en op ander plekke nie. In een gedeelte word 'n noue bronteksgerigte benadering gevolg, terwyl daar op 'n ander weer 'n meer doeltekserigte benadering gevolg word. Een hoofstuk spog met verduidelikings in 'n poging om betekenis optimaal oor te dra, terwyl 'n ander op die oog af slegs fokus op pittige sinne met suiwer Afrikaanse uitdrukkings. Die mengelmoes van benaderings versteur die samehang van die teks, omdat dit afwissel – klaarblyklik sonder enige rede.

Die vertaling laat ook gedeeltes van die bronteks uit. In die meeste gevalle is dit slegs kort sinne of gedeeltes van sinne wat

nie 'n uitwerking op die betekenis van die teks het nie, maar daar is enkele gevalle waar groter weglatings voorkom. Op bladsy 63 van die bronteks is daar twee opeenvolgende paragrawe wat baie eenders begin. Die vertaling (op bladsy 83) laat die een paragraaf weg – moontlik omdat dit met die voorafgaande paragraaf verwar is. Die paragraaf lees soos volg:

She pounded on the keys again, and again the dissonant notes reverberated about her. 'I'm mad. I'm allowed to do this. I can hate, I can pound away at the piano. Since when have mental patients known how to play notes in the right order?'

Die weglating van die paragraaf het 'n groot impak op die betekenis van die spesifieke teksgedeelte. Daarsonder lyk dit of Veronika gaan sit en haar woede onmiddellik wegsmelt. Die waarheid is egter dat sy haar eie woede eers voel en aanvaar, voordat sy dit laat wegvloei.

Verder is daar ook 'n aantal tikfoute wat gedurende die redigeringsproses deurgeglim het. Voorbeelde hiervan sluit in die stad *Vled* wat as *Bled* op bladsy 11 verskyn en die karakter *Zedka* na wie op bladsy 69 verwys word as *Zedna*.

Afgesien hiervan, is daar wel aandag geskenk aan die redaksionele prosesse. Die tipografie in die Afrikaanse vertaling word baie slim aangewend. In die Engelse weergawe word skuinsdruk gebruik om klem te lê op spesifieke woorde, terwyl dieselfde bereik word in die Afrikaans deur die

gebruik van diakritiese tekens, spesifiek die akuutaksent op vokale. Dit skep ruimte om skuinsdruk op 'n ander wyse toe te pas, naamlik om Veronika se interne dialoog te merk sodat die leser kan onderskei wanneer haar gedagtes aan die beurt is. Die Afrikaanse teks is baie makliker om te volg weens die kreatiewe gebruik van tipografie.

In die geheel slaag Geldenhuys daarin om een van Coelho se topverkopers in Afrikaans beskikbaar te stel en dieselfde boodskap en gevoel by die leser te ontlok. Die verdere fyn afronding van die teks soos hierbo voorgestel, sou selfs meer waarde aan die bestaande weergawe verleen het, en dit is daarom 'n jammerte dat dit nie gedoen is nie – 'n gesoute leser

(veral 'n aanhanger van Coelho se anderstalige werke) sal die vertaalleemtes steurend vind. Nietemin moet die geweldige taak om so 'n teks te vertaal, nie onderskat word nie en kan die eindproduk bepaald as 'n sukses beskou word.

Literatuurverwysings

Coelho, P., 1999, *Veronika decides to die*, English translation by Margaret Jull Costa, Thorsons, London.

Coelho, P., 2020, *Veronika besluit om te sterf*, Afrikaanse vertaling deur Kobus Geldenhuys, Protea Boekhuis, Pretoria.

Lefevre, A., 1992, *Translation, rewriting, and the manipulation of literary fame*, Routledge, London.

Paulo Coelho & Christina Oiticica Foundation, *Veronika decides to die*, Paulo Coelho & Christina Oiticica Foundation, viewed n.d., from <https://paulocoelhofoundation.com/books/paulo-coelho-veronika-decides-to-die/>.